Die Grapkas

Aangepas

'n Dame gaan sien die dokter vir haar jaarlikse ondersoek. Die verpleegster vul die kaart in. "Hoeveel weeg u?" "52 kg" Die verpleegster laat haar op die skaal klim en die naald gaan staan op 63 kg.

"Hoe lank is u?" was die volgende vraag. "1.7 meter" Die verpleegster laat haar onder die meetstok staan, en dit lees 1.63 meter.

Die verpleegster neem haar bloeddruk en merk op dat dit baie hoog is. "Natuurlik is dit hoog!" roep die vrou uit. "Toe ek hier ingekom het, was ek lank en slank. Nou is ek kort en vet!"

http://monday-fodder.fishermansnet.com

Goedertierenheid

Ná 'n lang en baie vervelige preek stap die kerkgangers uit sonder om iets aan die prediker by die deur te sê. Aan die end van die tou was 'n bedagsame man wat altyd oor die preke kommentaar gelewer het. "Pastoor, jou preek vandag het my aan die goedertierenheid van God laat dink." Die prediker was dankbaar, en vra hoekom hy so sê. "Want dit het geduur tot in ewigheid."

Ek is moeg

Die feesnaweek is uiteindelik verby, en die dominee se vrou sak neer in 'n gemakstoel en kondig aan: "Sjoe! Maar ek is darem nou moeg."

Haar man kyk na haar en sê: "Ek het so pas vyf preke in twee dae agter die rug. Waarvan is jy so moeg?"

"Liefie," antwoord sy, "ek moes na hulle almal luister."

Bron: Good Clean Fun, om in te teken e-pos aan good-clean-fun-subscribe@yahoogroups.com

Duplikaatgebed

'n Sewejarige seuntjie bid een aand vir 'n babasussie. Die volgende oggend is daarnog geen baba nie. Sonder om moed te verloor, bid hy die volgende aand dieselfde gebed. Nog steeds geen sussie nie.

'n Klompie maande later gaan besoek hy en sy pa sy ma in die kraaminrigting. Daar lê sy mamma met 'n kosbare babasussie in elke arm. Die trotse pappa kyk na sy seuntjie en sê: "Is jou nie nou bly dat jy hiervoor gebid het nie?"

Die seuntjie antwoord: "Is Pa nie bly dat ek betyds opgehou het nie?"

Bron: KneEmail http:/www.oakhillcoc.org

Afskeid

'n Leraar het 'n beroep na 'n ander gemeente aangeneem en staan by die deur om sy ou gemeente te groet. Een bejaarde dame is in trane. "Jou opvolger sal sekerlik nie so goed wees soos jy nie," snik sy.

"Ag nee, bog!" reageer die leraar, in sy ego gestreel.

"Nee regtig," sê die tannie. "Ek was nou al hier onder vyf dominees en elkeen was slegter as die vorige een."

Bron: www.cybersalt.org

Die kerk se werk

Liewe Dominee

Ons gemeente het 566 lidmate, maar 100 daarvan is oud en sieklik. Dit laat 466 om al die werk te doen. 80 van hulle studeer elders, en dit laat 386 om al die werk te doen. 150 van hulle is oorwerkte sakemanne en dit laat 236 om al die werk te doen. 150 is moeders met klein kindertjies, en dit laat 86 om al die werk te doen.

46 van dié het ander belangrike belange, en dit laat 40 om al die werk te doen. 15 van hulle woon te ver om gereeld te kom.

Dit laat 25 om al die werk te doen, en 23 van hulle sê hulle het reeds hulle deel gedoen. Dominee, dit beteken dat net ek en jy oorbly. En ek is eerlikwaar nou poot-uit.

Sterkte vir al die werk!

Jou liefhebbende lidmaat

Bron: The Tidbits Devotional http://www.nailprints.com

HEROUT

NG Gemeente Lyttelton-Oos Maart / April 2007

DISSIPELS WAT VRUGTE DRA TOT EER VAN DIE VADER

NEEM KENNIS

Wo 28 Mrt 19:00 ***KAF vergadering***

So 1 Apr ***Palmsondag***

Ma 2 Apr—Wo 4 Apr 19:00 ***Groot Lydensweek eredienste***

Do 5 Apr 19:00 ***Nagmaal***

Vr 6 Apr 09:00 ***Goeie Vrydag erediens***

Sa 7 Apr 22:30 ***Paaswaak***

So 8 Apr ***Paassondag***

In hierdie uitgawe:

Lydenstyd	3
Openbaring	5
Pinkster	7
Heilige Chaos	8
Oordenkings	10
Kortnuus	12
Aksie Arbeiders	13

| REDAKSIONEEL |

Geleenthede vir geestelike groei

Een van ons gemeente se vyf belangrike waardes is *geestelike groei*. Daarom is dit vir ons belangrik om geleenthede te skep waartydens ons as lidmate weer opnuut die krag van die Here kan ervaar en met nuwe geloofsmoed die pad van die lewe kan stap.

Gedurendie volgende twee maande is daar twee sulke geleenthede:

- Groot Lydensweek
- Pinksterfees

In hierdie uitgawe van die Herout word meer inligting hieroor deurgegee. (Sien artikels op bladsy 3 en 7.)

U lewe sal onmeetlik verryk word wanneer u met volle oorgawe hierdie geleenthede benut.

Heilige Chaos

As jy nie bang is om 'n bietjie geskud te word nie, lees gerus Stephan Joubert se artikel op bladsy 8. Jy sal sien dat die kerk glad nie 'n veilige plek is—en was nooit bedoel om 'n veilige plek te wees nie!

Openbaring

Vanaf 15 April—die eerste Sondag ná die skoolvakansie—begin 'n preekreeks oor Openbaring. Verlede jaar is daar tydens die aanddienste ook aan Openbaring geraak en vanjaar wil ons met behulp van die *Woordwyser* meer in besonderhede ingaan.

Indien daar behoefte is, sal daar ook weeksaande 'n Bybelskool hieroor aangebied word. (Skakel Freddie Schoeman 0126643751 indien jy belang stel.)

Vir 'n voorsmakie van wat kom, lees die artikel op bladsy 5.

Aksie Arbeiders vir die Oes

Hierdie organisasie, wat finansiëel deur ons gemeente ondersteun word en waarby ons jare reeds betrokke is, het onlangs

Vervolg op bladsy 2 ➲

Vervolg van bladsy 1

groot skade gely. Die meeste van hulle uitreiktoerusting ter waarde van R70 000+ is gesteel, waaronder kragopwekkers, klanksisteme, masjinerie, en 'n videoprojektor.

Ten spyte hiervan gaan hulle nie lê nie maar gaan hulle volstoom voort met hulle uitreike. Lees gerus die artikels op bladsye 13 en 14 en, indien jy voel dat die Here jou lei, maak 'n bydrae tot ons geloofofferfonds. Dit is die fonds waaruit ons Aksie Arbeiders ondersteun. Besonderhede is op bladsy 14.

Bydraes

Die kerkraad is elke maand dankbaar vir 'n gemeente wat húlle dankbaarheid oor in rand en sent laat oorgaan. Ons loof die Here daarvoor.

Aangesien dit toenemend gevaarlik raak om diakens en dienswerkers die strate in te stuur met kontant en tjeks by hulle, wil ons lidmate aanmoedig om hulle dankoffer elektronies te doen deur middel van 'n debietorder (vorms by inligtingstafel beskikbaar).

Daar is nou ook nog 'n gerieflike manier om dit te doen en dit is om op die GivenGain knoppie op ons webtuiste te klik. Jy sal dan na die GivenGain webtuiste geneem word. Klik dan op die knoppie: "donate". Op die bladsy wat dan verskyn kan jy jou besonderhede insleutel. Jy kan kies of jy 'n gereelde maandelikse of eenmalig bydrae wil maak. As jy nie deur middel van 'n kredietkaart die tranksaksie wil doen nie, klik dan op "More payment options" en jy sal dan deur jou gewone bankrekening werk.

Jy sal ook die opsie kry om by GivenGain te registreer as 'n gereelde gebruiker sou jy wou. Dit is egter nie nodig nie.

Belangrike datums



1 April (Palmsondag): Erediens om 09:00
2 April—4 April: Eredienste om 19:00
5 April: Nagmaal om 19:00
6 April (Goeie Vrydag): Erediens om 09:00
7 April: Erediens (Paaswaak) om 22:30
8 April (Paassondag): Erediens om 09:00
11 April: Skole heropen
18 April: Kerkraadsvergadering om 19:00
25 April: Adoramus
27 April—1 Mei: Lang naweek
2 Mei: Bedieningskommissie-vergadering om 19:00
6 Mei: Nagmaal (Sinodale biddag vir almal wat geraak word deur grondher-vorming)
12 Mei: Vrouediens byeenkoms
16 Mei: Diakonievergadering
17 Mei—27 Mei: Pinkster (Tien dae van intense gebed)
27 Mei: Pinksterfees. Wêreldwye bid-dag (Global day of Prayer)
30 Mei: Bedieningskommissie ver-gadering

| ONTHOU JY NOG? |

Lank lank gelede, voor TV speletjies ...

Ek praat nou van die tyd van wegkruipertjie in die park, of saans; van die kafee op die hoek, 'hop scotch' vir meisiekinners as dit 'alie'-tyd is by die skool, touspring, klippie en 'handstands' en donkie; krieket in die groot agtertuin, Haas Das se Nuuskas vroegaand, swem in die rivier, kamp op die stand, 'n swaai gemaak van tou met tamatiekasplank vir sitplek aan die groot appelkoosboom; rugby op die oop stuk veld; tennis in die straat.

Die ruik van koekiesbak uit die kombuis; gemmerbier in die spens, kougom vir 'n pennie, roomys by die kombi met 'n eentonige deuntjie. Wag, wag kan jy nog onthou.... toe om-die-hoek ver was; toe jy moes was en aantrek om saam dorptoe te gaan.

Honderde muskietbyte, stukkkende knieë en repe vel afdop in die somer. Taai toffie-appels en sand in die swemklere en oral. "Cowboys en kroeks", 'rounders' 'foefie-slide' en boomklim; modderkoekies bak. Skooltoe loop of fietsry - ongeag die weer. Jagertjie speel tot jy op die gras neerslaan sonder asem. Lag tot jou maag pyn. Rondomtalie draai tot jy dronk-dronk val. Moeg en vuil gespeel..... onthou jy? Grootste verleentheid was om laaste vir daardie kant gekies te word. Waterbomme en kleilat was jul grootste wapens. 'n Stukkie karton in die speke het jou fiets laat sing.

Ek's nog nie klaar nie.... kan jy nog proe en ruik: die droë jelliepoeier uit die pakkie; of droë Milo vir sjokolade; yslollies in Tupperhouertjies gevries van aanmaakkoeldrank; jou eie suurpoeier van versiersuiker en Eno's; borrels blaas met seepwater en 'n strooitjie, lang ure se kook aan 'kondensmelk' tot karamel; Wilson's en pink toffies; taai malvalekkersvissies en lang stukke 'liquorish' of 'drop.'

Onthou toe die enigste tekkkies wit seilskoene was, maar die enigste keer wanneer jy dit mag dra was vir PT. Dit was nie vreemd om 2 of 3 'beste' maats te hê nie. Niemand het betaal vir 'n troeteldier nie. As jy gelukkig was het jy 25c vir sakgeld of vir die kermis gekry.

Almal se ma's was by die huis as die skool uitkom. Onthou hoe 'n slim pa kon toor as hy sy duim aftrek of 10c agter jou oor uithaal. Die lekkerte van by die padkafee gaan eet - uiteet by 'n restaurant of hotel was taboe vir kinders.

Onthou toe niemand 'n wenkbrou sou lig as enige ouer 'n kind berispe of in die werk steek nie en almal op die werf kosgee as dit etenstyd is nie. Om by die skool gestraf te word was niks in vergelyking met wat tuis wag as ma daarvan hoor nie, basies was ons doodbang - nie vir aanranding, dwelms, bendes, ens nie. Grootmense was 'n groter bedreiging - baie van ons is vandag nog bang vir wat Pa daarvan sal dink.

Het dit nie goed gevoel nie.... die onthou .....

Onthou nog toe besluite geneem is met "eeny-meeny-miney-mo." Foutjies was omseil met 'n eenvoudinge "nixs daps." Geldsake was net in 'Monopoly." Die ergste wat jy van die 'ander' geslag kon kry was kieme. Gevang met 'n wapen by die skool was die BIC pen 'pea shooter' waarmee jy die klasmaats agter die oor probeer piets het of dalkies 'n kettie op die speelgrond.

'Verdowingsmiddel' het beteken Melk van Magnesia of Lewensessens.

Roomys was kos; en moed is ontdek as iemand jou "dare".

Ouer broers was die grootste boelies maar ook die beste beskermers.

As jy die meeste van die dinge onthou, dan het jy G E L E W E!!!!

Ingestuur deur Dave de Bruin

| UITREIK|

kersfees 'n spesiale geleentheid te maak en die seuns is genooi om tydens kersnaweek 'n kamp mee te maak. Dit was vir die seuns 'n uitsonderlike naweek!

Ongelukkig is een van ons seuns kort na kersfees 'n klein entjie vanaf die shelter sinneloos doodgeskiet. Ons harte is baie seer oor Elias, wat die afgelope paar jaar in ons Shelter gebly het. Ons roep uit na die Here om genade vir ons land wat vasgevang is in die greep van geweld en misdaad. Ons sal hom onthou as 'n baie talentvolle en kunstige seun.

'n Groot slag

Ons bediening is kwaai geruk deur inbrake tydens kersfees. Meeste van ons uitreiktoerusting ter waarde van R70 000+ is gesteel, waaronder kragopwekkers, klanksisteme, masjinerie, 'n videoprojektor, ens..

Dit was vir ons 'n moeilike tyd, maar ons bid steeds dat die Vader vir ons sal voorsien om weer toerusting te kan aankoop.

As jy wil help:

Ons gemeente is finansiëel betrokke by Aksie Arbeiders vir die Oes deur middel van ons geloofofferfonds. Indien jy wil bydra tot hierdie fonds kan jy dit in die volgende rekening inbetaal:

ABSA Lyttelton
Rek naam: NG Gemeente Lyttelton-Oos: Geloofoffer
Takkode: 335 045
Rek no: 4050 438 756

Jaarlikse Matlala uitreik

Aksie Arbeiders is ywerig besig om te beplan vir hulle jaarlikse "groot" uitreik na Matlala vanaf 30 Maart tot 9 April. Hulle beoog om hierdie jaar die Bapedi bevolkingsgroep in die Thabeng nedersetting te bedien. Dis een van die dorpies ongeveer 40—80 km noord van Marble Hall en Groblersdal.

Die bedieninge sluit in:

- Huisbesoek
- Hospitaalbesoeke
- Groentetuinprojekte
- Evangelisasie deur straatmimieke en dramas
- Kinderevangelisasie deur poppekas en speletjies
- Sport saam met die tieners
- Jesus-film vertonings
- Jeugkonferensies

Die grootste gedeelte van die span bestaan uit hoërskoolleerders van verskillende kultuurgroepe. Benewens sterk geestelike groei bied hierdie uitreik die geleentheid om lewensinsig, -kennis en –ervaring op te bou soos op min ander plekke.

Kontakinligting:

- Jan van Jaarsveld (Kamp Koördinering) 082 925 3557
- Chanri Odendaal (Organisering) 082 291 8895
- Ds Jaco Strydom (Geestelike versorging) 084 477 7123

Koste: R650 (registreer voor 23 Maart)

Lidmate van Lyttelton-Oos kan aansoek doen om uit die Geloofofferfonds geborg te word.

| KERKLIKE JAAR |

Loop die lydenspad agter Jesus aan

Geleentheid vir geestelike groei

Agt dae. Na hierdie agt dae sou die wêreld nooit weer dieselfde wees nie. Vanaf die eerste Palmsondag tot die eerste Paassondag het 'n drama afgespeel waartydens die magte van die bose probeer het om die Lig uit te doof.

Elke jaar kry ons die geleentheid om hierdie drama te herleef deur dit op verskeie maniere te vier. Ons stap saam met Jesus, ly saam met Hom, sterf saam met Hom, en staan saam met Hom op. Deelnemers aan hierdie viering beleef hoe die krag van Jesus se opstanding opnuut in hulle werk. Hierdie week staan bekend as die Groot Lydensweek.

Sondag 1 April om 09:00

(Palmsondag)

Hierdie week begin op Palmsondag. Jesus se intog in Jerusalem word herdenk. Dieselfde skare wat later "Kruisig Hom!" sou skree, skree nou "Hosanna!". Ons vier dit in die erediens met 'n spesiale liturgie en palmtakke.

Maandag 2 April om 19:00

Ons herdenk Jesus se reiniging van die tempel. Hy demonstreer op 'n dramatiese wyse dat God se genade bedoel is vir almal en dat dit moet deurbreek na diegene wat op die kantlyn van die lewe staan.

Dinsdag 3 April om 19:00

Ons dink veral aan Jesus se strydgesprekke met die Fariseërs – weer eens beklemtoon Jesus die omvattendheid van God se genade. Aan die einde van dag kyk Jesus en sy dissipels vanaf die Olyfberg oor Jerusalem uit, en Jesus praat oor die einde van die stad.

Woensdag 4 April om 19:00

'n Rusdag vir Jesus. 'n Dag waarop Hy gesalf word met duur nardusolie. 'n Dag van afwagting en voorbereiding.

Donderdag 5 April om 19:00

Sononder begin die Groot Drie Dae. Ons vier dit met een groot ononderbroke erediens. Ons begin deur as 't ware saam met Jesus en sy dissipels 'n laaste maal saam te eet. Ons herdenk die voetwassing asook die gebeure ná die maaltyd: Jesus se angsbevange gebed in Getsémané, sy gevangeneming en verhoor. Ons beleef saam met Hom die houe, die gespot en gehoon.

Vrydag 6 April om 09:00

Ons herdenk die dieptepunt van Jesus se lyding, die kruisiging. Ons staan stil by elkeen van die sewe kruiswoorde van Jesus. Ons bly by Hom terwyl Hy vasgespyker word (die derde uur, 09:00), ons hoor hoe Hy uitroep: "Dit is vol-



van 'n tyd van duisternis en lyding.

Om saam met Jesus die lydenspad te loop het groot geestelike waarde. Vir eeue lank was dit vir Christene belangrik om dit wat Jesus vir ons gedoen het te herdenk.

Terwyl ons onsself inleef in die gebeure van die Groot Lydensweek, word 'n diep spiritualiteit in ons gevorm. Hierdie spiritualiteit word 'n bron van geestelike krag vir die res van die jaar.

bring!" (die sesde uur, 12:00), beleef die drie ure van duisternis; en word simbolies saam met Hom begrawe net voor sononder.

Saterdag 7 April om 22:30

Na 'n tyd van stilte en gebed vanaf Vrydag 10:00, keer ons terug na die kerkgebou, soos die vroue na die graf. Ons vier die leë graf, die oorwinning van die lig oor die duisternis, Jesus se opstanding. Hiermee saam vier ons weer ons eie doop en beleef ons opnuut weer hoe dat God sy liefde en genade oor ons uitstort. Dopelinge word gedoop en katkisante lê belydenis van geloof af. En ons vier

Hierdie gebeure laat 'n onmiskenbare merk op ons geestelike lewe. Soos wat swaarkry hoop en geloof tot gevolg het (vgl. Rom 5), so plant die Groot Lydensweek die saad van ware vreugde in ons harte.

weer die Nagmaal.

Sondag 8 April om 09:00

Opstandingsfees. Ons vier weer eens, hierdie keer in daglig, die feit dat Jesus opgestaan het uit die dood. Hoe kan ons opstanding vier as ons nie die week saam met Jesus geloop het nie? Ware vreugde was nog altyd die uitvloeisel

| UITREIK |

Aksie Arbeiders woel en werskaf

Ten spyte van terugslae gaan hulle voort met hulle werk

Matlala-Opvolg Uitreike

Dit bly 'n voorreg om vir 'n naweek betrokke te wees by die Bapedi mense van Lepelle. Tans reik ons uit in die village Thabeng, waar ons ook in April maand 'n veldtog gehou het. Maandelikse opvolgwerk gaan voort en die kinders, jongmense en volwassenes word bedien met die Woord.

Baie moeite word gedoen met die aanbieding van die lesse met die kinders en jongmense sodat hulle op 'n prettige interaktiewe manier kan deelneem. Op Sondae tree ons op in 3 verskillende eredienste in die dorpies Kgarathuthu, Mathapisa en Thabeng.

Bid asb. vir ons beskerming op die besige paaie. Telkens het ons op een of ander manier voertuig probleme wat ons program onder druk plaas. Op die manier probeer die bose die leiers en die span afrem.

Kruisweg Koffiehuis Middestadbediening

Die afgelope jaar was 'n opwindende tyd by die koffiehuis. Tot 80 hawelose mense word op 'n aand bedien. Verskeie vrywilligers is op Woensdae en Vrydae aande betrokke by die bediening van mense in nood. 'n Groepie toegewyde studente voorsien op dié aande 'n voedsame bord kos vir die honger en 'n geselsie vir die eensame siel. Dit is wat die hawelose op die ou end is – iemand met 'n baie honger siel en dit is wat ons poog om te bedien deur die Here se genade.

Crossroad Shelter

Baie van ons seuns het Desember die geleentheid gehad om hulle familie te besoek. Borge het bygedra om

| KORTNUUS |

Parknaval se beplanning begin

Op 1 September hierdie jaar maak ons weer so: ons hou PARKNAVAL!

Die beplanningswiele is reeds aan die rol en ons eerste amptelike vergadering vind op 17 April om 19:00 plaas.

Soos gewoonlik is daar baie hande nodig en wil ons graag elke lidmaat uitnooi om "boots and all" betrokke te raak.

Dis altyd 'n groot fees en vreugde om saam te werk en skouers te skuur terwyl ons 'n groot projek aanmekaar sit.

Indien jy nou reeds jou insette wil lewer of wil aanmeld vir diens, skakel Kobus Badenhorst by 083 235 1084.

Seisoen van Luister

Die NG Kerk se Seisoen van Luister, wat oor 'n hele paar jaar strek, is volstoom aan die gang. Indien jy belang stel om meer uit te vind besoek gerus die NG Kerk se webblad by http://www.kerkweb.org.za/ en klik op die "Aktiwiteite" skakel bo aan en dan op "Seisoen van Luister".

Vir gebruik in kleingroepe en Bybelstudiegroepe is daar 'n pakket met 'n leiersgids en tien luisterboekies beskikbaar teen R49. Bestel by BybelMedia deur hulle te skakel by 0860263342 of 'n e-pos te stuur aan bestel@bmedia.co.za of hulle webtuiste te besoek by www.bmedia.co.za.

Indien jy graag die luistersiklus in jou persoonlike Bybelstudie of stiltetyd wil gebruik, of met huisgodsdiens, is daar 'n boekie by die inligtingstafel beskikbaar wat deur die Woordwyserspan beskikbaar gestel is.

Gesinsbediening

Ons begin al hoe meer agterkom dat een van die grootste leemtes in ons gemeente se bedieningsopset 'n gebrek aan 'n fokus op gesinne is.

Daarom wil ons in die volgende paar maande alles in ons vermoë doen om 'n gesinsbediening op die been te bring.

Die doel is om veral te fokus op die behoeftes van gesinne, hetsy dit gewone gesinne, saamgestelde gesinne, enkelouer gesinne, huwelikspare of selfs enkellopers is.

Die klem sal dus vanselfsprekend val op sake soos:

- Huweliksverryking
- Ouerskap
- Kinders
- Gesinsverryking

Indien jy belang stel om betrokke hierby te wees, skakel Freddie Schoeman by 0126643751 of 0845818139 of stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za.

Siekesorg

Wanneer mense siek word of operasies ongdergaan, het hulle spesiale behoeftes wat nie in 'n gemeente se normale bediening opgevang word nie.

Daarom wil ons graag 'n bieding begin wat daarop fokus om siekes tuis en in die hospitaal te besoek maar om ook na die behoeftes van die betrokke gesinne om te sien.

Indien moontlik sou ons ook graag dienste soos beperkte mediese sorg (neem van bloeddruk ens.) wou bied.

As jy graag wil betrokke raak of dalk kundig is op mediese gebied en bereid is om jou dienste beskikbaar te stel, skakel gerus Freddie Schoeman by 0126643751 of 0845818139 of stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za.

| BYBELSTUDIE |

Openbaring—geslote boek?

Dui dit op die toekoms of het dit 'n boodskap vir vandag?

Sondag so plus minus negentig jaar na Christus sit 'n leier van 'n klompie Christene in Klein Asië (in vandag se Turkye) op die eiland Patmos waarheen hy verban is weens sy geloof. Dit word 'n besondere Sondag want die Gees voer hom saam op 'n hemelreis waarvandaan hy vir sy mense 'n boodskap van verblyding en bevryding bring. Nog merkwaardiger is dat ons twee duisend jaar later nog steeds hierdie boodskap kan hoor. Om dit goed te hoor moet ons self 'n reis onderneem na die wêreld van Johannes en sy mense.

DIE MENSE EN HUL OMGEWING

Johannes se gehoor was mense wat in die eeuwending tussen die eerste en tweede eeu geleef het. In hoofstukke 2 en 3 word sewe gemeentes genoem aan wie die boek gerig is. Hierdie gemeentes het werklik bestaan en die stede waar hulle geleë was kan vandag nog besoek word. In elke dekreet (of brief) wat aan 'n gemeente gerig is, kan mens aspekte van daardie gemeente raaklees wat ons histories, sosiologies en geografies kan bestudeer om die boek te verstaan.

Sondag 15 April begin 'n preekreeks oor Openbaring. Hierdie artikel, gebaseer op inligting uit* Woordwyser, *bied 'n voorsmaak en 'n inleiding.

Hul omgewing het 'n groot rol gespeel in die manier waarop hulle hul wêreld verstaan het. Klein Asië was onder beheer van die Romeine in die tyd toe Openbaring geskryf is.

Die kultuur van die mense was Grieks want voor die Romeine het die Grieke die gebied beheer en die Romeine het groot bewondering vir die Griekse kultuur gehad. Daar sou bale Jode in die gemeentes gewees het, want in daardie tyd was die meeste Christene van Joodse afkoms. Die invloed van die Griekse kultuur en die Joodse godsdiens was baie groot in die gemeentes waarvoor Johannes geskryf het.

'n Baie belan-

grike aspek van hul wêreldbeeld was hul tydsbeskouing. Ons beskou tyd as voortgaande van nou af tot in die toekoms. Hulle het tyd verstaan as 'n sirkelgang waarin dit wat nou gebeur deel van 'n proses is wat herhaal word.

Ons wil in onseker tye weet wat in die toekoms gaan gebeur. Hulle wou weet wat in die verlede gebeur het, sodat hulle hul kon plaas in dit wat nou gebeur. As ons Openbaring dus lees met die oog op die verre toekoms verstaan ons nie wat die skrywer vir sy mense wou se nie. Hulle was nie bekommerd oor die toekoms nie, maar oor hulle hede.

Die sterkonstellasies was die figure van gode en magtige dienaars van die gode wat oor die mense invloed uitgeoefen het. Hulle het geglo dat niks op aarde gebeur wat nie in die hemel sy oorsprong het nie.

Die verwysings in Openbaring wat deur baie vandag gesien word as dat dit oor die verre toekoms sou gaan, het vir hulle gegaan oor dit wat in húlle tyd aan die gebeur was. Hieruit kan ons ook verstaan dat Johannes nie die tyd waarin óns leef in gedagte gehad het toe hy geskryf het nie.

HULLE WÊRELDBEELD

Die mense van Openbaring het ook 'n ander prentjie in hulle gedagtes gehad oor die wêreld waarin hulle geleef het. Hulle het geglo dat die aarde rond is, maar dat dit 'n dop om gehad het waaragter die hemel was.

Tussen die aarde en die hemel was die lug wat vir hulle 'n vloeistof was. Soos die waterdiere aangepas is om in die water te leef, het hulle geglo dat daar wesens was wat aangepas is om in die onsigbare vloeistof van die lug te leef. Hierdie wesens was onsigbaar net soos die lug en is die geeste genoem.

Omdat hulle nie die geeste kon sien nie, het hulle uitgelewer gevoel aan hierdie wesens en baie dinge wat hulle nie kon verklaar nie, is aan geeste toegeskryf.

Die hemel was anderkant die lug en dit was die woonplek van die gode. Die hemelliggame was vir hulle nie stukke rots of bolle gas nie, maar lewende wesens.

Die sterkonstellasies was die figure van gode en magtige dienaars van die gode wat oor die mense invloed uitgeoefen het. Hulle het geglo dat niks op aarde gebeur wat nie in die hemel sy oorsprong het nie.

Elke koning of belangrike mens van daardie tyd het dus mense gehad wat vir hulle die stand van die hemelliggame geïnterpreteer het. Hiervolgens het hulle probeer bepaal waarmee die gode besig is sodat hulle kon weet hoe hulle moes optree en hoe hulle die gode kon manipuleer om te doen wat hulle wou hê.

In hierdie be-geesde en be-gode wêreld skryf Johannes vir sy mense. Dit wat net vir magtiges beskore was, om te weet wat in die wêreld van die gode aan die gang is, word nou vir gewone mense, Christene, gegee. Johannes herinterpreteer die wêreldbeeld van sy lesers om hulle te laat besef dat daar net een God is, en dat hierdie God in beheer is van sy skepping. Meer nog, hierdie God het hulle lief en Hy versorg en beskerm hulle in 'n gevaarlike vyandige wêreld.

| OORDENKING |

Hoe word geluk gemeet?

Japie Kritzinger

Ek het onlangs die volgende getuienis gelees.

'n Waardige trotse ou man van 92 jaar het elke oggend ten volle geklee die dag tegemoet gegaan – hare netjies gekam, skoongeskeer. Hy was feitlik blind. In 'n aftree-eenheid in 'n tehuis vir bejaardes het hy en sy eggenote van 70 jaar gewoon.

Sy eggenote het hom ontval en het toe 'n verskuiwing ten gevolge gehad. Hy moes nou na 'n enkelkamer in die versorgingseenheid oorgeplaas word. In die ontvangslokaal moes hy wag dat sy kamer in gereedheid gebring word. Met 'n glimlag op sy gesig is hy na sy kamer geneem. Op pad na sy kamer met sy loopraam is probeer om aan hom 'n beskrywing van sy kamertjie te gee, die gordyne, ensovoorts.

Sy reaksie was: "ek is mal daaroor". "Maar oom, u het nog nie eens die kamer gesien nie, wag net 'n bietjie". Sy reaksie: "Geluk is iets waaroor 'n mens vooraf besluit. Of ek van my kamer hou, het niks te make met hoe die meubels gerangskik is nie ... dis hoe ek my kop rangskik. Ek het reeds besluit ek gaan gek wees daaroor. Dis 'n besluit wat ek elke oggend neem as ek wakker word. Ek het 'n keuse – ek kan die dag in die bed spandeer en my verknies oor die dele van my liggaam wat nie meer werk nie, of ek kan uit die bed opstaan en dankbaar wees vir die dele wat wel werk. Elke dag is 'n gawe en solank en my oë kan open, sal ek op die nuwe dag fokus en al die gelukkige herinneringe wat ek weggebêre het juis vir hiedie tyd van my lewe".

Ouderdom is soos 'n bankrekening – 'n mens onttrek daarvan dít wat jy gedeponeer het. My advies is om soveel gelukkige herinneringe moontlik te deponeer in die geheuebank. Dankie vir elkeen se deel daarin om my herinneringsbank te help vul. Ek is steeds besig om te deponeer.

Onthou altyd die vyf reëls van geluk:

- Bevry jou hart van haat
- Verlos jou gedages van bekommernis
- Leef eenvoudig
- Gee meer
- Verwag minder

Geluk is iets waaroor 'n mens vooraf besluit. Of ek van my kamer hou, het niks te make met hoe die meubels gerangskik is nie ... dis hoe ek my kop rangskik

| OORDENKING

Bekeer julle

Matteus 3:1-12 "Bekeer julle want die koninkryk van die hemel het naby gekom."

Tussen Matteus 2 en Matteus 3 het baie jare verloop, waarskynlik tussen vyf en twintig en dertig jaar. Skielik kom daar 'n aankondiger tevoorskyn, 'n herout. Alle belangrike mense het 'n herout gehad wat hulle koms aangekondig het.

Hierdie herout vir Jesus is Johannes die Doper. Hy is 'n aankondiger met 'n boodskap: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom." Hierdie aankondiging doen hy in die woestyn van Judea, naby die Jordaanrivier. Hy roep die mense op om werklik ernstig die koms van die Messias te verwag. Hy huiwer ook nie om die mense te waarsku dat hulle herkoms hulle nie gaan red nie. Dit help nie dat hulle kinders van Abraham is as daar nie 'n lewende verwagting van die Messias is nie. Hulle lewens en geloof moet hulle verbintenis met Abraham wys. Die Messias is naby, en as hulle Hom nie verwag nie, lê die byl gereed om hulle uit te kap.

Vandag is elke gelowige 'n herout, 'n aankondiger vir die Here Jesus. Ons het 'n dubbele taak: ons moet vir mense aankondig dat Jesus reeds gekom het om hulle te verlos en dat hulle hulle moet bekeer en uit dankbaarheid vir Hom moet lewe. Ons moet egter ook heroute wees vir Jesus se wederkoms. Ons moet aankondig dat sy wederkoms gaan plaasvind en dat as hulle hulle nie bekeer nie, dit 'n verskriklike dag sal wees.

Oorgeneem uit: Brood op die water – Gerhard Koen

Ingestuur deur Vic Haupt

| PINKSTER |

Tien dae van intense gebed

17 Mei tot 27 Mei

Ons gemeente beoog om soos nog nooit tevore in ons geskiedenis die aangesig van die Here op te soek gedurende Pinkster 2007.

Nadat Jesus uit die dood opgestaan het, het Hy verskeie kere aan sy dissipels verskyn en met hulle oor die dinge van die Koninkryk van God gepraat en die belangrikheid daarvan om God se liefde aan al die nasies van die wêreld uit te dra.

Op die laaste dag wat Hy met hulle was het Hy vir hulle aangesê om in Jerusalem te bly en te wag op die gawe wat die Vader belowe het.

Hulle het dit gedoen. Vir tien dae lank het hulle eensgesind vohard in gebed.

Hulle het God se aangesig ernstig en dringend gesoek. Hulle het ywerig en met oorgawe uitgeroep na God toe om sy beloftes aangaande sy koninkryk op aarde waar te maak.

Vandag roep Christus weer sy kerk om te verenig in gebed. Ons word verder ook daartoe gedring omdat ons in moeilike en goddelose omstandighede leef.

Ons word aangespoor om soos die eerste Christene met brandende harte voor die Here te kniel en te pleit dat sy koninkryk met krag in ons midde sal kom.

Vir tien dae lank gaan ons gemeentesentrum as een groot gebedsentrum ingerig word. Gebedstasies gaan opgering word.

Ons gaan die gemeenskap nooi om by ons aan te sluit.

Saam gaan ons by die Here intree vir ons gemeente, ons gemeenskap, ons land – en die wêreld.

En dan gaan ons op 27 Mei aansluit by miljoene ander Christene regoor die wêreld en saam gaan ons by die Here pleit:

"Laat u koninkryk kom, laat u wil geskied …"

| ARTIKEL |

Dis dalk tyd vir heilige chaos

'n Artikel deur Stephan Joubert wat onlangs in Beeld verskyn het

Dis so jammer dat die kerk plek-plek "doodveilig" geword het. Sommiges wil die kerk in 'n veilige hawe omskep ver buite die bereik van alle storms. Die kerk durf egter nie so veilig en windstil wees terwyl ons samelewing in die greep van wie weet hoeveel krisisse wurg nie. Geloof is juis Godgegewe geleenthede om nog verder agter Jesus aan te stap, al is dit stormwaarts.

Van Jesus gepraat, sy werkterrein was midde-in 'n siek politiese en godsdienstige bestel waar armes, sondaars en randfigure geen stem gehad het nie. Juis daar het Hy gedurig "heilige chaos" veroorsaak deur op verrassende manier nuwe lewe te ontsluit wat sondaars, uitgeworpenes, armes, rykes, vroue, mans, Jode en nie-Jode se menswaardigheid voor God en mekaar herstel het.

DIE HEMEL SE LUIDKEELSE PROTES

Sy ontmaskering van magsmisbruik en sy aankondiging van 'n andersoortige vredesryk waar God se geregtigheid seëvier, het sy doodsvonnis onderteken. Tog was die kruis Jesus se grootste heilige-chaos-oomblik.

Dit was die hemel se amptelike, maar ook luidkeelse protes hier op ons voorstoep teen sonde en magsvergrype. Jesus se opstanding was die bevestiging van God se radikale keuse teen sinnelose chaos wat mense gedurig in die kloue van vrees en die dood laat leef.

Net soos Jesus het die eerste Christene gekies vir die wêreld met al sy onvoorspelbaarheid as hul katedraal, en met elke markplek as hul werk- en kerkplek.

Paulus se uitspraak dat gelowiges lewende (= beweeglike!) tempels van God is, het gemaak dat hulle nie 'n oordadige behoefte gehad het aan afgesonderde heilige ruimtes ver buite die storms nie. Woonhuise was hul bymekaarkomplekke; eenvoudige maaltye hul feesgeleenthede en gewone mense hul leiers.

Hul geloof het spontaan en aanhoudend in 'n gevaarlike wêreld gebeur, daarom dat die kerk magneties bly groei het tot etlike miljoene binne die bestek van 'n paar honderd jaar.

KIES OM NIE DEUR SINLOOSHEID VERSWELG TE WORD NIE

Net soos Jesus en die eerste Christene leef ons in 'n chaotiese wêreld. Misdaad, armoede, tegnologiese ontploffings, globalisering, oordaad – hierdie dinge tref ons almal op verskillende maniere.

Om in so 'n wêreld sinvol as God se mense te bly leef, moet ons daagliks van voor af kies om nie deur sinloosheid verswelg te word nie, maar dit eerder aangryp as geleenthede om God se goedheid te weerkaats. Ons moet die geloofsmoed openbaar om die wêreld daagliks tot ons kerklike woonplek te verklaar.

Solank as wat ons nog aan die kerk dink as 'n bomskuiling waar ons kan wegkruip vir al die aanslae van die lewe, sal dit hoogstens 'n geestelike klub bly wat betalende lede van kop tot tone moet diens. As ons nie gedurig 'n ander wêreld in ons visier het wat hier oorkant Kerkstraat begin waar pre-Christelike en post-Christelike mense bly nie, gaan ons irrelevant raak.

In 'n tyd soos hierdie het ons as gelowiges aan ons bure dienende harte, helpende hande, luisterende ore en gebede te bied. So ook brood, kos, medisyne, water, Bybels en aanhoudende pleitroepe by diegene wat oor die mag beskik om op te staan vir die regte van die swakkes, die lydendes en die slagoffers van sinnelose geweld.

| ARTIKEL |

BINNE HOORAFSTAND ...

Hierdie is die reddingstoue wat Jesus in ons rugsak gepak het. Daarom is dit die uitdaging voor ons elkeen wat onsself volgelinge van Jesus noem om binne hoorafstand te beweeg van die hulpkrete van hongeriges, die pyne van misdaadslagoffers, die hooploosheid van twyfelaars, die gemaksug van die bevoorregtes, die lewensvreugde van die jonges...

Wie weet, miskien is God se wil nie so duidelik hoorbaar in windstil geestelike hawens as juis midde-in die lewe nie. As dit waar is, dan moet ons omgewing se vrae, vreugdes en nood veel meer die inhoud van ons kerklike agendas bepaal.

Elke kerklike aksie, bouprogram, vergadering, Bybelstudie en erediens moet gebeur in die lig van God se plan om sy koninkryk te laat aanbreek in, deur en rondom ons.

Ons elkeen se buurt, werk, kerk, skool, stad, provinsie; ja, ons hele land, moet weer tot heilige terrein verklaar word. Almal hier binne moet as God se spesiale eiendom gesien en behandel word.

EGTE LEWE

Wanneer ons liefde vir die Here en al sy mense ons vrees vir die lewe se storms begin oorroep, dan is egte lewe ons voorland.

As ons in hierdie dae doelbewus kies om weer ruimte te maak vir die Gees se wind wat steeds waai waar Hy wil, dan kan 'n stukkie "heilige chaos" losbreek wat verrassende moontlikhede tot herstel vir ons mooi land te bied het.

Mag die Here ons almal genadig wees!

Oud Lyttelton-Ooser publiseer

Een van ons gemeente se vorige lidmate het die inisiatief geneem met die publikasie van 'n boek oor kinderloosheid en alles wat daarmee gepaard gaan.

Nelia van der Westhuizen het 'n hele klompie vroue gevra om hulle verhaal te vertel. Die resultaat is 'n aangrypende boek wat die leser meesleur en anderkant die hartseer weer hoop laat vind. Die boek se titel is *Genade vir Kinderlose Harte* en kan verkry word deur Nelia by die onderstaande nommer te skakel.

Genade vir Kinderlose Harte is 'n aangrypende boek, geskryf en saamgestel deur 'n groepie vroue.

Die verhale handel in essensie oor kinderloosheid en die hartseer wat daarmee gepaard gaan, maar veral bring dit 'n boodskap van hoop.

Van die skrywers het reeds genade ontvang in die vorm van kinders, terwyl die ander in geloof wag op die Here.

Hierdie is 'n boek van hoop, vreugde en genade.

Bestellings by Nelia : 082 416 0022 of Posbus 50703, Pretoria, 0149